BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 15

Waarin word die vervulling met die Heilige Gees sigbaar? In die vrug van die Gees in die lewe van 'n gelowige [Gal.5:22-23]. Natuurlik val hierdie vrug nie maar uit die lug in ons lewe nie. Ons stel onsself biddend tot beskikking van die Heilige Gees. Opmerklik word daar van vrug [enkelvoud] gepraat. Dit beteken dat al die vrug van vers 22-23 teenwoordig moet wees in my lewe. Aan hierdie eienskappe word 'n gelowige herken en word die vervulling van die Heilige Gees en die beeld van Jesus Christus meer en meer sigbaar in ons lewe.

Die vrug van Galasiërs 5 kan in drie groepe onderskei word:

- Die eerste drie (liefde, blydskap, vrede) praat van ons verhouding met God.
- Die tweede groep (geduld, vriendelikheid, goedhartigheid) praat van ons verhouding met ons naaste.
- Die laaste drie (getrouheid, vriendelikheid, selfbejammering) verwys na my as gelowige self.

Die liefde [agape] is altyd na buite gerig en is ingestel op dade. Geen vrug kan sonder hierdie liefde funksioneer nie.

Blydskap is die vermoë om verby my omstandighede te kyk en die Here raak te sien. Dit is die vaste wete dat die Here naby is.

Vrede beteken dat jy weet jou verhouding met die Here is heelgemaak. Jou gewete kla jou nie meer knaend aan oor alles wat jy verkeerd gedoen het nie.

Lankmoedigheid beteken om baie te verdra sonder om kwaad te word. Jy is nie meer haastig om ander te oordeel nie en vergewe maklik.

Vriendelikheid is 'n gesindheid van goedheid teenoor ander.

Goedheid op sy beurt is vriendelikheid in aksie.

'n Persoon wat getrou is, is iemand waarop jy kan staatmaak. Sy/haar getrouheid rus op God se getrouheid.

Sagmoedigheid beteken dat jy op 'n saggeaarde en liefdevolle wyse teenoor jouself en ander optree.

Selfbeheersing is die vermoë om jou emosies en begeertes te beheer.

WAARIN WORD DIE VERVULLING VAN DIE HEILIGE GEES SIGBAAR?

In Les 14 het ons gesien hoe die vervulling met die Heilige Gees sigbaar word in elke gelowige persoonlik, naamlik deur die vrug van die Heilige Gees. Die vervulling van die Heilige Gees word egter ook sigbaar deur die gawes wat in 'n gemeente werk en leef.

1. LEES Romeine 12:6.
   Wat beteken die woord genadegawe [of gawe]?

2. LEES Romeine 12:4-6; 1Korintiërs 1:4-7; Efesiërs 4:7; 1Petrus 4:9-10.
   Wie is almal betrokke by die gee van genadegawes (gawes)?

3. LEES Romeine 5:15-16; 6:23; 11:29 asook Romeine 12:3-8; Efesiërs 4:7-16; 1 Petrus 4:9-10.
   Word die woord “gawes” net gebruik vir sekere bekwaamhede [geskenke] wat die Gees aan 'n mens skenk of het dit ook 'n breër betekenis?

Paulus verduidelik die betekenis en werking van die gawes van die Gees (in enger sin) deur die beeld van “die liggaam”. Hieraan gaan ons nou aandag gee.

4. LEES Romeine 12:4-5.
   Van watter liggaam praat Paulus hier?

5. LEES 1 Korintiërs 12:17-19.
   Hoekom kan daar nie sprake van 'n liggaam wees indien daar net een lid is nie?

6. LEES 1 Korintiërs 1:26.
   Watter waarheid beklemtoon Paulus in hierdie vers?

7. LEES 1 Korintiërs 12:7; Efesiërs 4:11-16.
   Wat is die doel van die gawes?

8. LEES 1 Petrus 4:6-8; 1 Korintiërs 12:7.
   Wie ontvang almal gawes van die Here?

B. ANTWOORDE.

1. Dit is 'n vertaling van die Griekse woord charisma [meervoud charismata]. Die basiese betekenis van die woord is dié van 'n geskenk wat God onverdiend [uit genade] gee.
2. Alhoewel ons gewoonlik van die gawes van die Gees praat, verbind die Bybel die gawes ook met die Vader [Rom.12:6; 1Pet.4:9-10] en die Seun [Ef.4:7]. Ook met die gawes is God-in-aksie.
3. Die Bybel gebruik die woord gawe in 'n breër en in 'n enger betekenis. In die breër sin word die hele verlossingswerk van die drie-enige God as 'n gawe aangedui [Rom.5:15-16; 6:23; 11:29]. In die enger sin verwys die woord gawe na die bekwaamhede waarmee die Heilige Gees die gelowiges toerus [Rom.12:3-8; Ef.7-16; 1Pet.4:9-10; 1Kor.12-14].
4. Paulus noem die gemeente die liggaam van Christus.
5. 'n Liggaam bestaan uit 'n groot verskeidenheid organe en lede. Die afsonderlike lede van die liggaam het mekaar nodig, want hulle is “lede van mekaar”. Die afsonderlike lede kan net tot hulle reg kom in samewerking met die ander lede.
6. Die liggaam is 'n eenheid. Die funksionering van die liggaam as 'n eenheid word benadeel as individuele lede en organe nie hulle vereiste funksie vervul nie.
7. Die Heilige Gees gee genadegawes met drie doelwitte voor oë:
    - Sodat gelowiges mekaar mag dien binne die gemeente [1Kor.12:7].
    - Sodat die gemeente van Christus opgebou kan word en groei in eenheid en volwassenheid [Ef.4].
    - Sodat God verheerlik kan word [1Pet.4:11].
8. Alle gelowiges – lidmate van die kerk van die Here.

****